

Goeiedag alle Nomades.

Roete Terugvoer:

Broodboom roete sowat 27Km Noord van Middelburg, ons Maart Stap.

Die laaste sowat 12Km is 'n aanvaarbare grondpad. Die basiskamp bestaan uit 'n kamp wat twee 10 bed huisies (5 stapel beddens) elk bevat sonder krag met 4 storte wat die 20 bewoners deel en dan die deel waar ons gebly het wat bestaan uit 4 huisies wat elk 4 sou kon slaap, lekker enkelbeddens en rakke vir pakplek. Die enigste bietjie sleg is dat daar nie werklik 'n kombuis is nie. Hulle voorsien kanne water en wasskottels. Voor elke huisie is 'n tafel en braaiplek en daar is een stort en een toilet beskikbaar vir die 4 huisies. Daar is 'n yskas op die eenaar/opsigter se huis se stoep beskikbaar om te gebruik. Daar is elektriese lig in die huisies. Braaihout word voorsien. 'n Groot sak per huisie. Ons het Saterdag die Bobbejaan roete geloop en via die ArendsNes oornaghut teruggehoop, tussen 12 en 14Km vir die dag gewees. Lekker styl af na die rivier en weer op. Sien die profiele aangeheg. Sondag het sowat 8 van die 12 stappers die Broodboom(cycad) roete geloop, so tussen 8 en 9km. Baie mooi rots formasies, uitsigte oor die rivier en algemene vergesigte. Dit was maar net baie droog toe ons daar was en die kleiner stroompies het geen water gehad nie. 'n roete om aan te beveel as jy met 'n baie basiese basiskamp tevrede is. Baie mooi omgewing en nogal baie koelte wat baie welkom.

NB. Bring jou eie gassilinder anders kan jy nie jou oggendtee/koffie geniet nie.

Wilna, Christo, Marius, Gerrie, Paul, Karin, Jannes, Irma, Carolien, Erika, Phrina en Dina het saamgestap.

Roetes/Toere wat nog kom:

Drakensberg Toer Vrydag 27 April tot Dinsdag 1 Mei 2012

Die hoogste pieke in die Koninglike Nasionale Park (KNP) area is van regs na links soos ons dit sal sien as ons by die Oliviershoekpas afkom as volg:

'The Puddings' 2479 meter bo seevlak

'Sentinel' 3165 meter

'Western Buttress' 3121 meter

'Mount-Aux Source' 3282 meter (nie so sigbaar van die Natalse plato nie)

'Mount Amery' 3143 meter

'Inner Tower' 3044 meter

'Eastern Buttress' 3047 meter.

Die Western en Eastern Buttresses is die twee kenmerkende kant-bakens van die Amphiteater.

As ons binne in die KNP area is, sal ons aan die Western Buttress kan die Devil's tooth en sy 'toothpick' kan sien.

Die beplanning is dat ons Vrydag oggend vroeg uit Pretoria ry, via Heidelberg, Warden en Harrismith. By Harrismith 'n entjie op die Betlehem pad en dan afdraai op die R74 na die Bergville, verby die Sterkfonteindam via die Oliviershoek pas. Op pad kan die 'Kerk en Berg' geskiedige terein net bo die pas besoek word en dit is werklik die moeite werk om 'n paar minute by die uitsigpunte oor die Sterkfontein dam te spandeer en bene te rek. Net na die 'Noordelike berg' bordjie (wat ons later sal neem om na die KNP) te gaan, en verby Drakensville vakansie-oord aan die

regterkant (berg kant), sal jy 3 groot silos sien en die bordjie 'Amphitheater Backpackers', nog 'n hele entjie voordat jy Bergville en later Winterton kry. Saterdag is die beplanning dat ons dan inry by die KNP (sowat 20km) en dan die dagbesoekers fooie (elkeen op sy eie koste) betaal en dan daar deurbring deur die Tugela valei stap te stap wat begin by die karpark net onder die 'Tendele hutted camp'. Die afstand word aangegee as 14Km retoer, 5 tot 6 ure .Sondag is die beplanning om weer in te ry na die KNP en dan 'n paar korter roetes te kombineer, waarskynlik 'n kombinasie of keuse van die Queens Causeway , Otto's Walk(3Km), Mahai Valei(7Km), Gudu falls (9km), the Grotto(10Km) en/of die 'Rugged Glen Forrest walk(11km). Maandag is die beplanning om dan as dit gereël kan word, by die Pompskema/hidroelektriese krag generator tussen die Sterkfontein dam en die Woodstock dam te besoek. Tot op hede het 20 persone bespreek en betaal vir die toer. Daar is heelwat kampplek as nog mense wil kamp met of sonder krag.

Strandloper Roete : 17 Desember.

Die 12 plekke vir die Strandloper roete in die Ooslondon omgewing is baie gou volbespreek. Ons moet teen Vrydag 28 Maart die volle bedrag betaal en 9 van die 12 persone het reeds hulle gelde inbetaal ten tye van die skep van hierdie nuusbrieff. As daar kanselasies is of persone wat nie meer sou kan gaan nie, sal ons u in kennis stel.

Ledelys 2012

Daar het tot op hede sowat 16 persone hulle ledegelde betaal. As jy nog nie jou ledefooie vir 2012 betaal het nie, doen asb so. Daar is net voordele daaraan verbonde vir jou en vir die klub.

Finansies

Dit lyk of die meense stappers die nuwe Standard bank rekening begin gebruik het en die beplanning is om die ou duur ABSA rekening wat ons R63 per maand kos in April finaal te sluit.

Ons betaal tans geen vaste diensfooie nie aangesien ons saldo bo R5000 is. Fooie wat ons wel betaal is die kontant inbetalings fooie en die Tjekdepositos wat ons R12.50 per tjek kos. As dit vir U moontlik doen as OTM of Internet bank (EFT) betalings asb.

Laastens, onthou asb om jou beste/intresantste fotos van julle Nomades stappe vir Wilna in te stuur/te gee. Ons almal kan dan ook deel in jou intresante mooi oomblike en ervarings.

Boonop staan jy die kans om 'n prysie die einde van die jaar te wen. Gaan kyk gerus op die Nomades se webtuiste WWW.NOMADES.CO.ZA die laaste paar se web-fotos.

Stuur asb vir my jou lekker Stapwenke, stapkos resepte, braai resepte, stap/buitelewe verwante webskakels of winkels of sommer enige kommetaar/voorstelle op die Webtuiste.

Kom ons maak die webtuiste 'n plek waar ons as Nomade lede en ander stappers werklik nut kan vind en lekker kan rondblaai, maar ek werklik julle insette nodig. Stuur gerus info na

ms@itt.za.com

Groete tot volgende maand.

Marius Stander.